
Publication: Landbouweekblad
Date: 2015-11-20
Page: 28





# Slaggate met beperkte regte in testament

**Moenie uit die graf probeer regeer nie. Jy doen niemand 'n guns nie. En vermy die slaggate van onvoorsiene regsgevolge deur tydige en kundige boedelbeplanning te doen.**

Vandeesweek kyk ons na die oormaak van bates by dood aan opvolgende begunstigdes. Dit geld as 'n boer byvoorbeeld die plaas in die familie wil behou, die plaas aan sy kind bemaak en bepaal dat dit by die kind se dood na 'n kleinkind moet oorgaan.

Hierdie soort bemaking staan bekend as 'n fideicommissum. Dit is 'n regsinstelling waarvolgens jy 'n bate (of ander voordeel) oordra aan 'n ander met die voorwaarde dat by 'n sekere gebeurtenis of ná die verloop van 'n sekere tyd daardie bate of voordeel weer sal oorgaan op 'n volgende begunstigde wat jy vooraf bepaal het.

Een van die eerste probleme met hierdie gebruik, is dat mense soms probeer om uit die graf te regeer. Ek het onlangs gehoor van iemand wat sy plaas vir 99 geslagte vooruit wou bemaak.

Teoreties is dit seker moontlik, want die gemene reg plaas nie 'n beperking op hoeveel opeenvolgende erfgename daar kan wees nie. Eers die howe en toe die wetgewer het egter ingespring om die belaglikheid te keer. Nou is daar 'n statutêre beperking, wat die bemaking van vaste eiendom betref, wat die aantal opvolgende erfgename tot twee beperk. Die plaas kan dus drie keer oorgemaak word volgens die aanwysings in jou testament. Van jou na jou kind en dan nog twee keer. Die laaste een word die volle eienaar van die onbeswaarde eiendom.

## OMSTANDIGHEDE KAN VERANDER

Die verdere probleem, en dit is een wat jy nie kan sien kom nie, is dat omstandighede kan verander en dan kan jy niks daaraan doen om sake te verander nie. Jou erfgenaam is gebind aan die voorwaarde wat jy gestel het in die dae toe dinge dalk rooskleuriger gelyk het.

Kom ons kyk na 'n voorbeeld. 'n Boer het die plaas aan sy seun bemaak, met die voorwaarde dat dit by sy dood sal oorgaan na 'n kleinseun en daarna 'n agterkleinseun.

Die bedoeling was goed. Oupa had seker in sy geestesoog sy seun op die familieplaas en sy kleinkinders wat jol op die plaas, kaalbas swem in die dam en so meer. Toe gaan hy dood.

Sy seun kon nie boer nie, want hy had nie die kapitaal om met die boerdery voort te gaan nie. Die uiteinde? Hy werk as tronkbewaarder en sy kinders sien nie die plaas nie, want hy moes dit aan iemand anders verhuur.

## JAN TAKS EIS SY POND

Hierin lê twee gedagtes. Die eerste is die reg van die erfgenaam. Hy het besitreg en kan dus die volle voordeel vir homself toe-eien, maar mag nie die eiendom vervreem nie. Die geniet van die voordele moet ook op só 'n manier geskied dat die eiendom in sy oorspronklike aard sal kan oorgaan op die volgende erfgenaam.

Die tweede het te doen met die beperking op die besitreg. Aangesien dit nooit heeltemal syne is om mee te maak soos hy wil nie, sal hy dus ook nie die eiendom met 'n verband kan beswaar nie (met ander woorde teen die plaas as sekuriteit geld kan leen nie). En dit is hoekom die seun 'n tronkbewaarder moes word, hy kon nie teen sy eie erfenis gaan geld leen om te boer nie.

En nou 'n laaste punt wat ook nie uit die oog verloor moet word nie. Elke keer as die bate oorgaan na 'n volgende erfgenaam, kom kapitaalwins- én boedelbelasting (by dood) opnuut ter sprake. Al besit die erfgenaam nie die bate in die volle betekenis van die woord nie, beteken dit nie dat Jan Taks nie sy geldjie gaan eis nie. **LBW**

NAVRAE: Mnr. Nico van Gijsen, tel. **021 461 2067**; e-pos: **nico@finlac.com**.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiëlerisikobestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkverskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*

*This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission*